Ruach Bediening Nuusbrief



Maart 2026

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand 2
2. Gebedsterapie sessies 2
3. Getuienisse 3
4. Sommer net 'n paar gedagtes 4
   a. Ek sit by die vulstasie 4
   b. Die stukkende stukke 5
   c. Tessa 6
5. So terloops 7
   a. Kosie en pa 7
   b. Mighty Men – Bosveld 2026 7
   c. Tikmasjien 8
   d. Simfonie van vreugde 8
6. Beplanning vir volgende maande 9
7. Fisiese Wetenskap Aanlyn klasse 9
8. Afsluitings Gebed 10

1. Gedagte vir die maand





Matthéüs 28:5-6

Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het.

Lukas 24:6-7

Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galiléa was: Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan.

I Petrus 1:3

GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode.

Markus 16:16

En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.

Lukas 24:34

Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn.

2. Gebedsterapie sessies

44	Gebedsterapie sessies in Centurion
0	Gebedsterapie sessies per Telefoon
27	Gebedsterapie sessies per Video Call
0	Gebedsterapie sessies in Delmas
22	Gebedsterapie sessies in Middelburg
0	Gebedsterapie sessies in Nylstroom
93	Totale gebedsterapie sessies vir die maand

3. Getuienisse



Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening: (Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

Getuienis 1: Ek moet net hierdie met julle deel, wat gebeur het op 04/03/2026, by my huis.

'n Pa het sy 16 jarige seun op sy rug ingedra, want hy kan nie loop of staan nie. Hy was al by die beste Dokters gewees in die land. Ek bid vir die seun en toe ek amen sê, staan die kind op en loop na die kar. (Ek het so gehuil)

Die volgende dag het ek die volgende getuienis van die Pa ontvang:
"More Oom Sarel. Ek gee gou bietjie terugvoer van my seun, nadat ons gisteraand daar by Oom was. Die verandering was groot, as mens dink ek moes hom uit die kar uitdra, maar hy kon self kar toe loop en inklim toe ons ry. Hy was baie rustiger ook. Ons dien 'n almagtige God, waar niks onmoontlik is nie."



Getuienis 2: 'n Kragtige getuienis
"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my" Gal 2: 20.

Johann George Ferdinand Müller, 27 September 1805 en oorlede op 10 Maart 1898) was 'n Christelike Evangelis en die direkteur van die Ashley Down-kinderhuis in Bristol, Engeland.

Hy het gedurende sy leeftyd, 10,024 weeskinders versorg, en opvoedkundige geleenthede vir die weeskinders gebied tot die punt dat hy selfs deur sommige daarvan beskuldig is dat hy die armes bo hul natuurlike posisie in die Britse samelewing verhef het. Hy het 117 skole gestig wat Christelike onderwys aan meer as 120 000 gebied het.

Op 26 Maart 1875, op die ouderdom van 71 en na die dood van sy eerste vrou in 1870 en sy huwelik met Susannah Grace Sanger in 1871, het Müller en Susannah 'n tydperk van 17 jaar van sendingreise begin. Hy en sy vrou het 33 verskillende lande in die wêreld besoek en sowat 322 000 kilometers gereis.

Hy was Engels, Frans en Duits magtig en daarmee kon hy orals regkom om die evangelie te verkondig. Hy het hom in die Skrifte verdiep en die Bybel 200 keer deurgelees. Sy begrafnis in Bristol is deur 11 000 mense bygewoon onder andere 1 500 kinders van weeshuise wat hy opgerig het.


Müller was 'n stralend gelukkige mens. Wat was sy geheim? In 'n toespraak wat na sy negentigste verjaardag aan predikante en werkers gegee is, het George Müller só van homself gepraat: "Ek het in November 1825 tot bekering gekom, maar ek het eers vier jaar later, in Julie 1829, tot die volle oorgawe van my hart gekom.

Liefde vir geld was weg, die liefde vir posisie was weg, die liefde vir wêreldse plesier en verbintenisse was weg, God alleen het my deel geword. Ek het niks anders gehad nie. En deur die genade van God het dit gebly, en het my 'n gelukkige man gemaak, 'n uitermate gelukkige man, en dit het my gelei om net vir die dinge van God om te gee.

Getuienis 3: Goeie môre Sarel, Ek hoop alles is wel, Ons trek die 18de na Rooihuiskraal in. Dankie Vir al julle gebede.

4. Sommer net 'n paar gedagtes

a. Ek sit by die vulstasie



Ek sit by die vulstasie. Dis 'n maand soos enige ander, en ek besef: iewers gaan ek hierdie maand kort kom.
Petrol is nie my enigste probleem nie—alles kort...
Kos, krag, medies, versekering, my humeur, my geduld… álles is op 'n stadium op empty._
En as ek nou vol maak, raak iets anders leeg. So, hoe kies ek? Waar trek ek die lyn?
Wat is prioriteit?

Die joggie steek sy hand uit en vra: "Do you want to pay?" Maar my brein hoor: "Do you want to pray?"
Iets in my breek. Ek vat sy hand en begin bid. Vir my eie leë tenk, ja, maar ook vir almal anders wat hierdie maand moet kies: vir dié wie se finansies kort is, wie se huwelike op rooi staan, wie se geloof dun gesmeer is soos laaste bietjie botter op 'n stuk brood. Vir die ou wat sterk moet wees, maar net moeg is.

Hy sê "Amen" saam. Ek kyk hom verbaas aan. Hy glimlag flou. "My tenk was ook op empty vandag," sê hy. Ek ry daar weg en iets ín my voel voller.

Hoe lank kan jy op fumes ry? Ons almal probeer. Soveel mense ry op hul laaste fumes, hopend dat hulle nog nét 'n paar kilometer gaan hou voor alles tot stilstand kom. Hoeveel keer het jy al gesê, "Ek is oraait," terwyl jy eintlik op breekpunt is?
Hoe lank kan jy op 'n emosionele reserwe leef? Op 'n geestelike tekort?
Op 'n bankbalans wat skree?

Dis 'n leë tenk wat motors tot stilstand ruk. Nie 'n oorlaaide een nie.
Dit is nie die petrol ín die kar wat jou laat staan nie, dit is die afwesigheid daarvan.

🕮 *Matthéüs 11:28* (Afrikaans 1933/53)
_"[28] Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

Maar hoe baie van ons ry verby die Een Pomp waar jy régtig kan volmaak?
Ons jaag, ons _worry,_ ons brand uit… en dan blameer ons God wanneer die enjin vasslaan.

Wat is jou _go-to_ pomp? Ek is eerlik: baie keer soek ek my _refuel_ by die verkeerde plekke. Sosiale media vir 'n bietjie aandag, Netflix vir 'n vinnige ontsnapping, 'n glas wyn vir 'n chill oomblik... Maar dáái goed is soos water in 'n petroltenk. Dit voel reg op die oomblik, maar dit vat jou nêrens.

🕮 *Jeremia 2:13* (Afrikaans 1933/53)
"[13] Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie."

Jy sien, daar is 'n verskil tussen 'n plek wat jou volmaak en 'n plek wat net jou dors les. Wat gebeur as jy nie volmaak nie? Ek ken 'n tannie wat 'n ou Corolla gery het. Daai kar het haar deur dik en dun gedra. Maar sy het nooit betyds petrol ingegooi nie. Sy't altyd gedink, "Ek sal môre volmaak." Totdat die enjin een dag permanent sê, "Dit is nou kláár!"

Ons harte werk dieselfde. Wanneer jy geestelik leeg is en nie volmaak nie, begin jý die prys betaal. Jou geduld raak kort, jou drome verloor momentum, jou huwelik voel soos 'n


besigheidstransaksie, jou kinders kry net ‘n moeë weergawe van jou. Jou geloof? Wél, dit begin kraak soos ‘n waterbak wat nie meer kán hou nie.

'n Bietjie petrol is nie genoeg nie. Iemand het eenkeer gesê: You can't run a full-time calling on a part-time prayer life." Hoe baie van ons probeer dit?
Ons gooi net ‘n bietjie geestelike petrol in wanneer ons ‘n noodstop móét maak.
‘n Goeie kerkdiens nou en dan, ‘n vinnige gebed, 'n dagstukkie hier en daar...
Maar dit is nie genoeg vir die langpad nie.

Dis hoekom Psalms 23 sê: "Hy maak my beker vól." Nie half nie. Nie net-net nie. VÓL.

Wáár maak jý vol? Ek het ‘n ou gesien met ‘n dieselbakkie wat per ongeluk petrol ingegooi het. Arme man moes sy hele enjin laat leegmaak. Party van ons probeer dieselfde met ons siele—ons gooi goed in wat ons nie gemaak is om op te ry nie. Ons smeer ‘n pleister oor ‘n oop smetterige wond en hoop dit gaan hou.

Maar as jy regtig vol wil wees—siel, gees, emosies—dan moet jy jou kar by die Regte Pomp stop.



Maak vol in gebed.
Maak vol in die Woord.
Maak vol in gemeenskap met mense wat jou groei bevorder.
Maak vol by die Een wat nooit leeg raak nie.

b. Die stukkende stukke 💔❤

Ek is haastig gou by die supermark in....Dis Maandag en ek is alreeds amper laat om nog kos te maak en daarna die kleingoed by die skool op te laai.

Gelukkig kry ek vinnig parkeerplek en hardloop in om sommer worsies te kry ....vandag is 'hotdog" aand...gelukkig onthou ek om sommer nog n bottel tamatiesous te kry want die kleingoed het my gewaarsku dis amper klaar.

Ek tel n pak rolletjies en n brood op en net toe ek dit in my trollie sit is daar n vreeslike slag en toe doodse stilte...Ek stap stadig na die gang waar die tamatiesous uitgestal is en toe sien ek haar.



Oud en verrimpel...baie somers agter die rug...haar handsak het teen die bottels tamatie souse en nog vele ander souse getamp en die hele lot het met n hengse slag op die skoon supermark vloer beland....Dit net mostert en tamaiesous ens waar jy kyk....en toe sak sy af op haar hurke en begin die grootste bottelstukke met die hand bymekaar maak.

Toe ek die trane sien wat oor haar wange loop en die skouertjies wat ruk...stap ek vinnig nader en begin mooi met haar praat en hurk langs haar terwyl ek help om al die groot bottelstukke almal op n hoop te plaas.Sy snik dat sy nie vir die skade sal kan betaal nie...

Die bestuurder kom vinnig nader en hou sy hand uit vir die ou dame....Kom Tannie....kom weg hier

by die stukkende bottels jy gaan jouself sny...ek het stadig opgestaan en gesien hoe sy die ou verrimpelde handjie in die groot sterk man se hand plaas en hoe hy haar eenkant toe lei..

"Ek is so jammer meneer...ek het n vreeslike gemors veroorsaak"...en met trane wat oor haar wange loop kyk sy op na hom toe en se....."Meneer ek sal vir alles betaal, ek sal dit afbetaal uit my pensioen uit"....

Die bestuurder het sy arm om die krom skouertjies geplaas en toe vir haar gese..."Tannie die skoonmakers gaan nou alles opruim...en jy het nie nodig om daarvoor te betaal nie....daar is vesekering om ongelukke soos hierdie te dek."

Hy het met haar weggestap en terwyl ek hulle agterna kyk toe besef ek dat my lewe ook soms so n gemors is...Daar is sonde en skerp voorwerpe wat my stukkend sny...Daar is seer en skade en ek probeer ook uit my eie die gemors skoonmaak....En terwyl jy so na die skerwer van jou lewe kyk huil jy ook want jy besef dat geen geld in die wereld hierdie gemors sal kan opruim nie.

Maar dan kom die Here na my toe....steek Sy Hand na my toe uit en help my uit die gemors...en dan verseker Hy my..."My kind My Bloed is die versekering wat jou verlos van hierdie gemors.....Stap saam met My weg van hierdie gemors voor jy jouself verder skade aandoen en omdat My dood op Golgota die prys betaal het...skuld jy My niks.

Moenie dat die skerp bottelstukke van hartseer en die sonde vlekke jou verder laat huil nie...Neem vanoggend Sy Hand....Hy lei jou weg en Hy is jou versekering.
=Skrywer Georgie=

c. Tessa



Tessa gaan na haar kamer en agter in haar kas, in ‘n donker klein wegsteek hoekie, haal sy haar glas bottel met al haar spaar geldjies uit. Versigtig gooi sy die kleingeld op haar bed uit en begin die geld te tel. Sy tel die geld drie keer oor, om seker te maak dat die totaal korrek is. Sy gooi die munte terug in die glas bottel en draai die skroefdeksel terug. Versigtig plaas sy die glas bottel in haar rugsak en glip ongesiens by die agterdeur uit. Sy stap ses blokke vêr om by die groot apteek in die stad uit te kom.

Geduldig wag sy dat die apteker haar help, maar hy was te besig om haar raak te sien. Tessa skuifel haar voete op die teelvloer om ‘n skuur geluid te maak, geen reaksie van die apteker nie. Sy maak op die onaardigste wyse keel skoon, maar steeds geen reaksie. Uiteindelik neem sy een van die munte uit haar bottel en tik daarmee op die glas toonbank. Die keer werk dit! “En wat wil jy hê?” vra die apteker ongeduldig terwyl hy die gesprek met sy broer onderbreek wat kom kuier het. “Ek is besig om met my broer te gesels, wat ek jare laas gesien het,” sê die apteker, sonder om op ‘n antwoord te wag op sy vraag aan Tessa.

“Wel, ek wil met jou gesels oor my broer!,” antwoord Tessa in dieselfde geirriteerde stemtoon as die apteker. “Hy is regtig egtig baie siek ..... ek wil ‘n wonderwerk koop vir hom.”
“Verskoon tog, wat sê jy daar kind?” vra die apteker. “Sy naam is Andries, en hy het iets slegs wat in sy kop groei en my pappa sê slegs ‘n wonderwerk sal hom nou kan red. So, hoeveel kos ‘n wonderwerk hier by julle?” “Ons verkoop nie wonderwerke hier nie, meisie, ek is jammer ek kan jou nie help nie,” antwoord die apteker in ‘n baie sagter stemtoon. “Oom, ek het geld om daarvoor te betaal. As dit nie genoeg is nie, sal ek die res in die hande kry. Vertel my tog net ..... hoeveel kos so ‘n wonderwerk?”

Die apteker se broer, 'n welgeklee middeljarige man, was ontroerd deur die klein meisie se pleidooi. Hy stap om die toonbank, gaan buk by die meisie en vra, "Watse soort wonderwerk het jou boetie nodig?"
"Ek weet nie," antwoord Tessa terwyl die trane opwel in haar klein dogtertjie oë."Ek weet net hy is regtig baie siek en mamma sê dat hy 'n operasie sal nodig hê. Maar my pappa kan nie vir die operasie betaal nie, so ek wil my geld gebruik om vir my boetie 'n wonderwerk te koop."

"Hoeveel geld het jy by jou?" vra die apteker se broer.
"Tien rand en vyf en vyftig sent," antwoord sy in 'n stemmetjie wat skaars hoorbaar is. "En dit is al die geld wat ek het, maar ek kan nog meer in die hande kry wanneer ek my sakgeld kry die einde van die maand."
"Wel, wat 'n toevalligheid is dit nou nie!" glimlag die man. "Tien rand en vyf en vyftig sent – die presiese prys van 'n wonderwerk vir klein boeties."

Hy neem Tessa se geld in die een hand en neem haar klein handjie in sy ander hand en sê, "Neem my na waar julle bly. Ek wil jou klein boetie sien en jou ouers ontmoet. Laat ons kan sien of ek die soort wonderwerk het wat jy benodig."

Die welgeklee man was 'n sjirurg wat gespesialiseer het in neuro-sjirurgie. Die operasie is gedoen sonder enige kostes en dit was nie lank daarna nie, toe is klein Andries terug by die huis en blakend gesond.

Ma en Pa het vol vreugde gesels oor hoe wonderlik alles uitgewerk het vir klein Andries. "Daardie operasie," het Ma gefluister, "was 'n werklike wonderwerk. Ek wonder wat so 'n operasie sou gekos het?"

Tessa glimlag. Sy weet presies hoeveel 'n wonderwerk kos ..... tien rand en vyf en vyftig sent ..... plus die geloof van 'n klein kindjie.
'n Wonderwerk is nie die opheffing van 'n natuurlike wet nie maar die werking van 'n hoër wet.

5. So terloops ....

a. Kosie en pa

Kosie: "Pa, wat is die verskil tussen 'n geweer en 'n masjiengeweer?"
Pa: "Ag, my kind, dis eenvoudig: Dis soos wanneer ek praat en wanneer jou ma praat".

b. Mighty Men – Bosveld 2026

🔥 Mighty Men Bosveld 2026 🔥
Broers, die Here roep ons! 🗓 30 Okt – 1 Nov 2026
📍 Plaas Uitkomst, Springbokvlakte,
Limpopo GRATIS TOEGANG EN KAMPERING
Bring seuns, vriende & pa's – tent, Bybel & hart vir Jesus. Aanbidding, boodskappe, kampvuur & egte manne-tyd. Vroue welkom Sondag.
Tag jou buddies: "Ek's in!" 💪🙌

A1053707Registrasie op Quicket.
#MightyMenBosveld2026 #MMC2026



c. Tikmasjien

Tikmasjien

Die kinders ontdek 'n stokoue tikmasjien in die huis en die pa moet verduidelik. Hy sit 'n vel papier in en tik.
Die kinders staan verstom.

"Waar plug jy hom in?" wil hulle weet.
"Nee, jy plug hom nêrens in nie," antwoord die pa.
"Nou waar is sy batterye?" vra die kinders.
"Nee, hy gebruik nie batterye nie."
"Liewe genade Pa, nou hoekom het hulle dit nie al laaaankal uitgevind nie?"



d. Simfonie van vreugde



6. Beplanning vir volgende maande

MIDDELBURG		NYLSTROOM		DELMAS	
Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Om afspraak te reël in Nylstroom, kontak vir **Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**	
2026		**2026**		**2026**	
6 & 7	Februarie	26 & 27	Februarie	23	Februarie
6 & 7	Maart		Maart	30	Maart
10 & 11	April	23 & 24	April	20	April
8 & 9	Mei	21 & 22	Mei	18	Mei
12 & 13	Junie	25&26	Junie	22	Junie
10 & 11	Julie	23 & 24	Julie	20	Julie
7 & 8	Augustus	20 & 21	Augustus	17	Augustus
4 & 5	September	10 & 11	September	21	September
2 & 3	Oktober	29 & 30	Oktober	26	Oktober
6 & 7	November	Geen Besoek	November	23	November
Geen Besoek	Desember	Geen Besoek	Desember	Geen besoek	Desember

7. Fisiese Wetenskap Aanlyn klasse



8. Afsluitings Gebed

Vader … Bloedbevlek loop Jy en strompel na Jou dood. My lewensbrood. Jou skerpgemaakte doringkroon …
my ewige Hemeltroon. Tree vir tree, is Jy op pad, om vir my die ewige lewe te gee.

Jy val neer, alweer en weer. Jy vergewe my, keer op keer … Houtsplinters en spykers, gemeng in jou vlees …
Sodat ek vir ewig…Jou kind kan wees.
Amen



Baie seëninge vir julle almal – Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God